

20 Augustus

1 Kronieke 25-27

Elkeen se unieke talente is belangrik in die diens van die Here

In hierdie hoofstukke vind ons 'n illustrasie van die manier waarop elkeen se unieke gawes in die diens van die Here belangrik is. Mense voel so maklik waardeloos in die kerk. Baie lidmate voel dat hulle alleen iets betekenisvol kan bydra indien hulle in een van die besondere ampte bevestig is.

In Kronieke word egter nie slegs die priesters genoem nie. In die tempel was ook koor- en orkeslede, poortwagters en 'n finansiële kommissie nodig. Almal van hulle was belangrik. Niemand kon wegkom met 'n verskoning soos die volgende nie: “Ek kan niks doen nie. Ek kan maar net sing.” Jy kan nie maar *net* nie, jy *kan*. En dit wat jy kan, is die gawe wat juis jý van God ontvang het. Hy wil juis jou gawe diensbaar hê in sy diens.

Hou op met verskonings soek. Jou unieke gawes is belangrik in God se diens. Gebruik dit tot sy eer.

Sing: Psalm 40:4

Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)